

Die volmaakte offer gebreek in die plek van ons sonde

Teks: 1 Korintheërs 11: 17 - 26
Teksvers: 1 Korintheërs 11: 24

1. Inleiding

Vanoggend is ons hier bymekaar om saam die sakrament van die Heilige Nagmaal te gebruik. Wanneer ons as gereformeerdes saam kom om die sakrament van die Nagmaal te gebruik, gebruik ons 'n formulier wat saamgestel is uit verskeie teksgedeeltes in die Bybel. Ons gaan dan ook nou hierdie formulier gebruik om seker te maak dat ons verstaan wat die sakrament van die nagmaal beteken. Dit is belangrik sodat ons dit ook reg en troosryk kan gebruik.

Hierdie formulier begin dan by die instellings woorde van die nagmaal soos wat Paulus dit ook aan ons beskrywe in 1 Korintheërs 11. U sal dit dan ook dadelik herken as ons teksgedeelte vandag. Maar dit is in ons teksvers waar dinge vreemd op die oor val. Daar is sommige manuskripte van die nuwe testament wat die frase “dit is my liggaam wat vir julle gebreek word” bevat” terwyl daar ander is wat net lees dit is my liggaam dit is vir julle. Ons sien dit in die verskeie afrikaanse vertalings ook.

Maar dit wat dan vir ons snaaks klink wanneer ons die woorde “my liggaam wat vir julle gebreek word” hoor, is die feit dat geen een van Jesus se bene gebreek is nie. Selfs nie tydens die verskriklike marteling met die kruisiging nie. Trouens eintlik juis teen die gebruik om mense wat gekruisig word se bene te breek in, volgens Johannes 19. Wat beteken hierdie kontras tussen Jesus se profesie oor gebreek en die feit dat geen een van Hom gebreek word nie?

2. Die offerlam sonder gebrek

In Johannes 19 vers 32 lees ons dat wanneer die soldate by Jesus kom, en hulle sien dat Hy klaar dood is. En daarom breek hulle dan nie Sy bene soos die van die ander twee misdadigers wat weerskante van Hom gekruisig is nie. Ons sien dus dat hierdie breek van bene daardie finale doodshou was wat die lewe van 'n persoon aan die kruis finaal beëindig het. Dit is nie nodig met die Here Jesus Christus nie, wat Hy lê Sy lewe uit Sy eie af, niemand neem dit van Hom nie soos ons in Johannes 10 lees.

Tog is daar meer aan die feit dat geen een van Jesus se bene gebreek word nie. Dit het te doen met offer, spesifiek die offer van die Pasga-Lam in die Ou Testament. Want ons Here Jesus

Christus kom word die volmaakte Pasga-lam waarop alle Pasga-lamme tot op daardie punt gewys het. In Eksodus 12:46 tref ons dan die voorskrif aan dat geen been van die paaslam mag gebreek mag word nie. As vervulling van hierdie profesie word geen een van Jesus se bene ook gebreek nie.

Maar waarom mag die been van die paaslam dan nie gebreek word nie. Die bybel geen nie 'n eksplisiete direkte verduideliking hiervoor nie. Tog sien ons dit al begin by die feit dat die offerlam volmaak moes wees. Hy moes van geboorte af geen gebrek gehad het nie. Met ander woorde ook nie 'n gebreekte been wat dalk skeef of sleg kon aangroei nie. Verder moes die volmaaktheid van die offer met 'n amper heiligheid bewaar word tot aan die einde. Ons sien dit in die verbodsbepaling dat slawe eers van die paaslam mag eet nadat hulle besny is. Met ons Here Jesus Christus word die eenheid en heiligheid van Sy liggaam as offer ook op hierdie eienaardige manier bewaar, ondanks die verskriklike marteling van geseling en kruisiging.

3. Die figuurlike breek van die liggaam.

Alhoewel baie dinge figuurlik en letterlik by die kruisiging van Jesus bymekaar kom, is daar tog 'n stukkie figuurlikheid in Jesus se uitspraak. Dit is tog al duidelik in die verklaring van die brood en wyn as liggaam en bloed

van Christus. Ons glo tog nie dat die brood en wyn letterlik verander in die liggaam en bloed van die Here nie. Die uitspraak is tog duidelik 'n simboliese verwysing na wat gaan gebeur.

Ook in afrikaans hoor 'n mens soms iemand vir 'n ander persoon sê: "Ek gaan jou breek". Dit is natuurlik 'n baie negatiewe en vyandige ding om vir iemand te sê. Tog wanneer ons dit hoor het ons nie die gedagte, dat daardie persoon elke been in die ander persoon se liggaam gaan breek nie. Ons weet dit beteken eerder dat die persoon met alles wat hy kan die ander persoon te na sal kom, maar waarskynlik sal die ander persoon dit oorleef.

Uiteindelik is dit presies hierdie figuurlik gebruik en uitspraak wat Christus maak. Hy gaan gebreek word, wel fisies deur die hande van heidense romeinse soldate. Tog sal hulle nie Sy bene breek en 'n vinnige onmiddellike dood te weeg bring nie. Maar figuurlik en veral Geestelik gaan Jesus se liggaam gebruik word deur die Vader. Want dit is die volmaakte offer wat gebring word, gebreek word vir al ons sondes. Maar hierdie volmaakte offer sal einduit 'n volmaakte eenheid bly, ondanks die aanslae daar teen.

Simbolies en geestelik gaan Christus gebreek word tot op die punt wat Hy Sy volmaakte lewe vir ons aflê. Ons herdenk hierdie bittere lyding wanneer ons ook die sakrament van die Heilige

Nagmaal gebruik. Dit kwalifisering vir julle in ons teksvers bevestig die feit dat dit eintlik ons liggaam en gees is wat gebreek moes word vir die sonde.

4. Genade verdeel vir ons almal

Op 'n baie meer praktiese vlak sien ons die rede waarom Christus ook die brood neem en breek is om dit te kan uitdeel vir elke persoon. En hoewel dit 'n teken en simbool is, is hier baie betekenis. Christus deel nie maar sommer klein broodjie uit sodat almal dit eenkant op hulle eie iewers kan gaan eet nie. Nee dit is een brood wat gebreek word, en dan saam geëet word. Dit is hoe ons dit bely en steeds ook nog vandag hier aan die tafel van die Here doen. Want daar is eenheid in die een brood van die lewe.

Weereens sien ons die tema van volledigheid, heelheid en eenheid sover as moontlik. Ons moet kom deel hê aan die offer. Ons kom sit immers juis aan by die tafel van die Here. Wanneer ons saam met mekaar aansit vorm dit ook 'n eenheid. Nagmaal word ook gesien as daardie geleentheid wat ons het om gemeenskap met mekaar te hê. Om as broer en suster saam of tegelyk die genade van die Here te ontvang. Om saam al ons sintuie in te span om de goedheid van die Here te ervaar.

Daarom kan ons sê dat die brood wel prakties verdeel word, maar tog ook een bly. Ons kom nie almal nader neem 'n stukkie van Christus en gaan dan

huistoe om dit self alleen te gebruik nie. Nee, Christus se offer trek ons as broers en susters juis nader aan mekaar. Maar dan ook nie net nader aan mekaar nie. Ook nader aan die Here. Trouens dit is deur hierdie volmaakte offer wat ons met God weer versoen raak. Die verdeling van die brood is belangrik sodat almal bereik kan word. Maar wanneer ons die brood ontvang word ons nader getrek, nie gelos daar waar ons in die sonde vasgevang is nie.

5. Slot

Ons kan hierdie preek oor die kontras tussen breek en nie breek met die volgende gedagtes afsluit. Christus maak die uitspraak dat Hy gebreek gaan word, wanneer Hy die dissipels met brood bedien. Trouens Hy hou die gebreekte brood as teken en simbool van die opoffering van Sy vlees voor. Tog terwyl Hy al hierdie vlees opoffer vir ons versoening is dit wat Hy doen soveel meer as 'n blote maaltyd. Want in die antieke wêreld net soos vandag is bene dikwels gebreek om die murg uit te haal of om net die dier vinniger en makliker te kan opeet.

Maar dit wat Christus gedoen het soveel meer as 'n maaltyd. Dit is Geestelike versoening met God die Vader. En daarvoor is 'n heilige volmaakte offer nodig. Iets wat nie hier op aarde te vind is nie, maar van die hemel moes neer daal. Hierdie offer is ons Here Jesus Christus, wat die volmaak gehoorsame lewe in ons plek

kom lei. Wat op hierdie manier die volmaakte heilige offer word.

Maar selfs tydens die offer proses is dit belangrik dat hierdie offer volmaak en heilig bly so lank en sover as moontlik. Ons kan sê uiterlik bly die Lam van God heel, terwyl Hy in Sy persoon die volle verbreking van menslike sonde en oordeel dra. Ons Here Jesus Christus volbring hierdie offer volmaak enduit. Dit is nie nodig dat die doodshou Hom toegedien word nie. Want nie eers die volmaakte heilige Seun kan bly lewe voor die toorn van God nie. Tog kom daar juis lewe vir ons uit hierdie sterwe van Christus. En dit is wat ons gedenk en bely met die sakrament van die nagmaal. Die sakrament waar ons die totale verbreking, sonder die breek van een been van Christus herdenk.

Amen